# DIE SKIETLOOD

208e Uitgawe 18 November 2022
saam met Koersvas 208

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto


**DIE DORDTSE LEERREËLS**
**Hoofstuk 5: Die volharding van die Heiliges**

Die laaste tema wat in die Dordtse leerreëls aangespreek word, is die volharding van die gelowiges. Die leser moet onthou dat hierdie volharding vanuit 'n spesifieke invalshoek beredeneer word. Volharding as taak en roeping van alle gelowiges kan vanuit verskillende hoeke benader word. Die besondere konteks van die bespreking en die invalshoek gaan die besondere fokus bepaal. Daarmee word nie gesê dat daardie bespreking die een en alles oor die saak verhelder nie. Dit is bloot een perspektief binne 'n besondere konteks wat onder die loep geneem word. Daar is met ander woorde nog baie wat byvoorbeeld oor volharding gesê moet word, maar binne die konteks van die bespreking ter tafel is daar sekere sake wat duidelik gestel moet word. Die hooftema wat soos 'n goue draad deur die hele teks van die Dordtse leerreëls loop, is die mens as wese met geen verdienste nie, en God wat in louter genade die mens red.

Die gevare wat verskillende klemverskuiwings na vore bring, word vanuit verskillende perspektiewe aangespreek. Binne die konteks van die gesprek oor volharding, bestaan daar beslis die moontlikheid dat die mens se volharding as 'n vorm van verdienste aangebied kan word. Hierdie dwaling van menslike verdienste of die mens as vennoot van God, moet duidelik aangespreek word.

**Teks 1.** Hulle wat God na sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep en deur die Heilige Gees wederbaar, verlos Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde. Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle sondige natuur en bestaan nie. *Quos Deus secundum propositum suum, ad communionem Filii sui Domini nostri Jesu Christi, vocat, et per Spiritum Sanctum regenerat, eos quidem et a peccati dominio et servitute, non autem a carne, et corpore peccati, penitus in hac vita liberat.*

**Verklarende kommentaar**

Diegene wat verlos is, word deur God gered. Hierdie redding is nie 'n totale verandering in hierdie bedeling nie. Dit is nodig om 'n onderskeid te tref tussen heerskappy en slawerny van die sonde aan die een kant, en bestaanswerklikheid aan die ander kant.

Die Here verlos die mens van die heerskappy en slawerny van die sonde. Dit beteken dat die mens nie meer onder die beheer van die sonde staan nie, maar onder God as HERE se beheer is. Hierdie verlossing dui ook op die heerlike toekoms wat op die verloste mens wag.

Die mens bly in die tussentyd steeds hier op aarde.

Dit is in hierdie bedeling wat die mens steeds sy bestaan moet voer. Ons is met ander woorde steeds 'n integrale deel van hierdie bedeling. As sodanig het hierdie bedeling steeds 'n impak op ons. Die

mens se bestaan in hierdie bedeling sal steeds een wees waar die mens deel is van die sondige natuur en bestaan. Dit is net dat die mens nou die Here as heerser het en verder sal bestaan as bloot hierdie bedeling. In die toekomstige bedeling sal ons ook van die sondige natuur en bestaan vry wees.

**Teks 2**. Hieruit ontstaan die daaglikse sondes van swakheid, en selfs die allerbeste werke van die heiliges is nog gebrekkig. Daarom moet hulle hul voortdurend voor God verootmoedig, hulle toevlug tot die gekruisigde Christus neem, die sondige natuur hoe langer hoe meer doodmaak deur die Gees van die gebed en heilige geloofshandelinge, en vurig na die bereiking van die volmaaktheid verlang. So moet hulle volhard totdat hulle, losgemaak van hierdie sterflike liggaam, met die Lam van God in die hemel regeer. *Hinc quotidiana infirmitatis peccata oriuntur, et optimis etiam sanctorum operibus næ vi adhærescunt: quæ illis perpetuam sese coram Deo humiliandi, ad Christum crucifixum confugiendi, carnem magis ac magis per Spiritum precum et sancta pietatis exercitia mortificandi, et ad perfectionis metam suspirandi, materiam suggerunt; tantisper dum hoc mortis corpore soluti, cum Agno Dei in cœlis regnent.*

**Verklarende kommentaar**

Die feit dat die mens steeds in hierdie bedeling 'n bestaan moet voer ten spyte van st status as geredde mens, het sekere implikasies. Al is die mens deur God se genade verlos van die heerskappy van die sonde, is die mens as deel van hierdie bedeling steeds daartoe groep om weerstand te bied teen die werklikheid van die sondige bestaan. Dit lei daartoe dat die mens daagliks bewus word van sy eie sondige en swakke bestaan. Gelyktydig verlos en steeds sondaar, word die mens daagliks daaraan herinner dat hy steeds in hierdie bedeling deur swakheid en sonde geteister word.

Selfs daar waar die gelowiges dit regkry om iets goed of reg te doen, kom hulle onder die indruk dat selfs hulle beste pogings maar gebrekkig is en ver tekort skiet. Hierdie besef van die gebrekkige bestaan van die mens, ten spyte van selfs sy allerbeste pogings, bring ons tot die besef dat ons bestaan in hierdie bedeling ons telkens daartoe roep om tot God te nader in verootmoediging. Hierdie verootmoediging neem 'n besondere vorm aan:

Gelowiges moet telkens weer die kruis en Christus voor oë hou. Ons Verlosser aan die kruis is ons waarborg en krag tot toewyding. Dit noop gelowiges daartoe om daagliks teen die sonde te veg, nie om eie oorwinnings-ontwil nie, maar in erkentlikheid van dit wat Christus vermag het.

Die stryd teen die sonde bestaan positief daarin dat gelowiges deur die Heilige Gees in gebed volhard en streef na handelinge wat getuig van geloof. Die stryd teen die sonde is met ander woorde in die eerste plek daarin geleë dat gelowiges bid en die goeie najaag, nie die vermyding van sekere handelinge en denke nie.

Hierdie positiewe uitstrek na die toekoms is die strewe na volmaaktheid in diens aan God; 'n strewe wat nooit bereik kan word in hierdie bedeling nie, maar nogtans nagejaag word. Hierdie strewe moet die lewe van gelowiges kenmerk vir solank hulle in hierdie bedeling is. By persoonlike afsterwe of die wederkoms, sal gelowiges hierdie strewe kan realiseer.

**Teks 3.** Vanweë hierdie oorblyfsels van die inwonende sonde, en ook vanweë die aanvalle van die wêreld en die Satan, kan die bekeerdes nie in die genade volhard as hulle aan hulle eie kragte oorgelaat was nie. Maar God is getrou. Uit barmhartigheid bevestig Hy hulle in die genade wat eenmaal aan hulle gegee is, terwyl Hy hulle ook tot die einde toe kragtig bewaar. *Propter istas peccati inhabitantis reliquias, et mundi insuper ac Satanæ tentationes, non possent conversi in ista gratia perstare, si suis viribus permitterentur. Sed fidelis est Deus, qui ipsos in gratia semel collata misericorditer confirmat, et in eadem usque ad finem potenter conservat.*

**Verklarende kommentaar**

Hierdie stryd van gelowiges is nie 'n maklike een nie. Die mens is wel van die heerskappy en slawerny van die sonde verlos, maar is steeds in hierdie bedeling. Daarmee saam is daar veral drie faktore wat bydra tot die aanslae teen God se uitverkorenes. Die oorblyfsels van inwonende sonde, die aard van die wêreld en die aanvalle van Satan dra almal daartoe by om die mens af te takel. Die aanslae teen gelowiges is met ander woorde van binne, rondom die mens en ook van die verwoede vyand se kant.

Intern is dit die oorblyfsels van die sonde wat maak dat die mens teen homself moet stry. Soms voel dit asof dit 'n stryd teen jouself is omdat die sonde so in die menslike bestaan ingeweef is. In die omgewing is dit die aanslae en versoekinge van hierdie wêreld wat die mens toets. Versoekinge wat soms selfs deur geliefdes en naasbestaandes op gelowiges se pad geplaas word. Die wêreld het ook die kuns vervolmaak om hierdie aanslae skadeloos te laat klink en lyk. Van buite die mens is dit die verwoester van lewens en hoop wat alle mense van God se genade wil ontruk. Teen hierdie aanslae is dit menslik onmoontlik om konstant weerstand te bied en staande te bly.

Gelukkig is God getrou en laat die Here nie die mens alleen in hierdie haglike omstandighede nie. Hy bevestig telkens die barmhartigheid wat aan hulle gegee is en hou hulle getrou in hierdie genade staande. Dit is met ander woorde deur die getroue ondersteuning van God dat mense in die genade en barmhartigheid kan bly lewe. Dit is nie in eie moeite en toewyding wat die gelowiges staande bly nie, dit is deur God se getroue genade en konstante versorging dat gelowiges die krag ontvang om in genade te oorlewe.